# BOEKBESPREKING

**Johann Tempelhoff, *Die okkupasiestelsel in die distrik Soutpansberg, 1886-1899*, Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis, 60.**
Die Staatsdrukker, Pretoria, 1997.

**Lizé Kriel**
*(Departement Geskiedenis en Kultuurgeskiedenis, Universiteit van Pretoria)*

Dit is opvallend dat die algemene werke oor die geskiedenis van Suid-Afrika wat ons op universiteit voorskryf en as gesaghebbend voorhou, deurgaans gebrekkige inligting oor die negentiende-eeuse geskiedenis van die teenswoordige Noordelike Provinsie verskaf. Dit is veral betreurenswaardig wanneer in aanmerking geneem word dat veral die laat-negentiende eeu 'n tydperk was waartydens omvangryke veranderinge - die vestiging van witmense en die onderwerping van swart gemeenskappe - in die gebied plaasgevind het. Vir ander gebiede in Suid-Afrika is die proses van wit indringing en verowering van swartmense breedvoerig opgeteken en deeglik geïnkorporeer in die algemene geskiedsbeeld. Dit sou onlogies wees om hierdie proses nie deur te voer tot by die laaste Suid-Afrikaanse gemeenskappe wat eers in die jare negentig van die vorige eeu onderwerp is nie: die Lobedu, die Hananwa, die Mothlalerwa en die Venda.

Neem as voorbeeld Leonard Thompson se *A history of South Africa*, waarin die konflik tussen die Zuid-Afrikaansche Republiek (ZAR) en bogenoemde vier gemeenskappe letterlik in een sin afgehandel word. Daarteenoor, word die vernietiging van Khoisan gemeenskapstrukture gedurende die sewentiende en agtiende eeu, en die grenskonflikte wat gedurende die agtiende en negentiende eeu in die teenswoordige Oos-Kaap die Xhosasprekendes hulle onafhanklikheid ontneem het, selde uit 'n algemene geskiedswerk uitgelaat. Hierdie "Geskiedenis", saam met dié van die Zuluryk en die Difaqane (of nie??) vorm deel van die basiese kennismondering van enige voorgraadse student. Weergawes van die verlede wat hier stop, is nou ingehaal deur die navorsing wat veral gedurende die afgelope dekade oor soortgelyke verwikkelinge in die mees noordelike dele van Suid-Afrika aan die lig gekom het. Om geen ander rede as dat die navorsing oor hulle lank tevore reeds gekanoniseer is, word die name van Mpande, Maqoma, Moshoeshoe en Ngqika in Christopher Saunders en Nicholas Southey se *A dictionary of South African history* gevind, maar dié van Modjadji, Mmalebôgô, Makgoba en Makhado nié.

Tensy die algemene voorstelling van die geskiedenis van Suid-Afrika voortdurend volgens die nuutste toevoegings tot historiese kennis aangepas word, sal sommige figure onregmatig 'n onbekender en gevolglik minderwaardige posisie bly beklee. Die publikasie van die Tempelhoff-proefskrif is reeds die moeite werd selfs in soverre dit bloot die bewustheid van hierdie leemte binne die geskiedenis-professie kan aanwakker. Die ideaal sou natuurlik wees om dit ook aan 'n wyer leserspubliek bekend te stel. Die mistroostig-onaantreklike voorkoms van staatsdrukker-publikasies laat Argiefjaarboeke ongelukkig baie inboet aan bemarkbaarheid.

DIE INVLOED VAN BLANKE VESTIGING OP PLAASLIKE SWART GEMEENSKAPPE van die noordelike Soutpansberggebied, word in die derde en laaste afdeling van die proefskrif onder bespreking behandel. Tempelhoff se navorsing is reeds in 1989 as doktorale verhandeling voorgelê. Verdienstelike vehandelinge en proefskrifte waarin die impak van wit indringing op 'n spesifieke swart geneemskap onder die loep geneem word, is sedertdien aangepak. T.J. Makhura se *people's history* oor die (Ba)Hananwa is een so 'n voorbeeld. Tempelhoff se 1989-poging bly, met die publikasie daarvan in 1997, nietemin steeds merkwaardig as enige poging waarin die verskynsel van blanke indringing nie gemeenskap-vir-gemeenskap beskryf word nie, maar binne konteks van die hele distrik se sosio-ekonomiese struktuur geplaas word.

Die afdeling oor die invloed op die swart gemeenskappe word voorafgegaan deur 'n lywige sosio-ekonomiese geskiedenis van die distrik Soutpansberg sedert 1886. BLANKE VESTIGING IN DIE DISTRIK SOUTPANSBERG TOT 1886 word knap in 'n eerste hoofstuk uiteengesit, waarna drie hoofstukke gewy word aan *AFDELING I*, DIE ROL VAN DIE OWERHEID IN DIE DAARSTELLING VAN DIE OKKUPASIEPLAAS-STELSEL en ses hoofstukke aan *AFDELING II*, DIE SOSIO-EKONOMIESE STRUKTUUR VAN DIE BLANKE SAMELEWING IN DIE DISTRIK SOUTPANSBERG. Die fokus in die eerste twee afdelings is op die gevestigde wit inwoners en nuwe wit intrekkers in die distrik; ander gemeenskappe kom ter sprake in soverre hulle die sosio-ekonomiese fasette van die okkupante se bestaan beïnvloed het. Die outeur noem dit 'n poging tot 'n "alledaagse geskiedenis van gewone mense in 'n unieke landstreek" (p. ix). Die proefskrif vervat 'n diep poel van informasie oor 'n wye spektrum. Van laat negentiende-eeuse woningbou tot die daaglikse ontbering van die wit grenspionier, hetsy dit besorgdheid oor sy kinders se opvoeding of die watertekort op sy plaas is, kan hierin nagespeur word. Tempelhoff se poging om ingesamelde gegewens ook kwantitatief aan te bied, gee die leser 'n indruk van die tempo waarteen plase van eienaar verwissel het (p. 53); fluktuasies in die wit bevolkingsgroeipatroon (p. 89); die politieke bedingingsmag van die streek in terme van stemgeregtigde burgers (p. 117); die sikliese voorkoms van droogtetoestande (p. 147) - om enkeles uit te lig. Die proefskrif word afgesluit met 'n kragtige Slotbeskouing, maar 'n mens sou graag wou sien dat samevattinge en voorlopige gevolgtrekkings aan die einde van elke hoofstuk meer prominensie gegee word.

Met die lees van die proefskrif, het ek myself toegespits op die volgende vrae: wat het 'n "okkupasiestelsel" en dan meer spesifiek hierdie een in Soutpansberg, behels? Wat het die regering beweeg om dit in te stel? Het dit uiteindelik gerealiseer in die vorm wat die regering beoog het?

Tempelhoff beskryf die publikasie van die Occupatiewet in die Staatskoerant van die ZAR op 14 Julie 1886 as 'n bepalende wending in die negentiende-eeuse wit vestigingsoffensief in die Soutpansbergdistrik. In hoofstuk twee word die begrip en herkoms van die okkupasiestelsel breedvoerig verduidelik. Deur ook te verwys na die Kaapkolonie en die Vrystaat, word die beskikbaarstelling van grond vir inbesitneming in ylbewoonde grensgebiede ten einde dit vir digter nedersetting en ontwikkeling oop te stel, as tradisie onder wit Suid-Afrikaanse owerhede voorgehou.

Dit is jammer dat die redes vir die beskikbaarstelling van okkupasieplase in die distrik

Soutpansberg sedert die laat 1880's nie prominenter onder 'n eie opskrif deurtrap is nie. Naas wat in hoofstuk twee pertinent as redes aangevoer word, word die motivering soos wat die ondersoek in sy geheel deurgewerk word, wel al duideliker. Tempelhoff bewys inderdaad oor byna driehonderd bladsye dat die onmiddellike redes vir die instelling van die okkupasiewet in Soutpansberg "rondom die beveiliging van die landstreek vir blanke bewoning en ekonomiese vooruitgang [van die streek] gewentel het" (p. 19). A.N. Pelzer se bewering dat die stelsel gesien is as manier om toenemende armoede onder die blankes in die ZAR teen te werk (pp. 18-19), kan nie as 'n primêre beweegrede vir die instelling van die stelsel genoem word nie. Dit was eerder 'n onvermydelike uitvloesel daarvan. Dat armes van die stelsel gebruik sou gemaak het in 'n poging om hulle eie situasie te verbeter, spreek vanself, maar dit sou foutief wees om die Okkupasiestelsel te beskryf as die altruïstiese inisiatief van 'n patriargale owerheid om hom oor die armes onder sy jurisdiksie te ontferm deur hulle van grond te voorsien. Tempelhoff se argumente spreek sodanige bewering keer op keer teen. Reeds op p. 25 verduidelik hy:

> Die kern van die saak was dat die toekenning van grond 'n lokmiddel was om mense na 'n moeilike grensterrein te lok. Die wetgewers sou graag wou toesien dat net die beste mensemateriaal [sic] plase ontvang. Hulle het egter geweet dat dit onwaarskynlik was. Om hierdie rede is nie te veel beperkinge op die nedersetters geplaas nie.

Die samestelling van die okkupantegemeenskap weerspreek die argument dat die okkupasiestelsel geskep is om arm Transvalers te help, selfs verder: die meerderheid boere wat deur middel van die stelsel aan grond gekom het, was nie afkomstig uit die ZAR nie. Uit 'n analise van sterfkennisse het Tempelhoff bepaal dat, teenoor die 32% uit die ZAR, daar 38% was wat uit die Kaapkolonie gekom het, 13,6% uit die Oranje-Vrystaat, 3,4% uit Natal en die oorblywende 13% uit die buiteland. Die volgende sterk argument aan die hand waarvan hierdie saak uitgemaak kan word, vind die leser eers in hoofstuk 8, waar DIE VERSKYNSEL VAN ARMOEDE EN OKKUPASIEGRONDBESIT bespreek word. Tempelhoff verduidelik dat die regering gedurende die jare negentig wel die verarmingsproses probeer teenwerk het om *terselfdertyd* die boerderybedryf in die ZAR meer lewensvatbaar te maak. Die armoedigheid van die okkupante het meegebring dat die regering se ideaal om die ekonomie van die distrik te laat groei, baie stadig verwesenlik is. Hy vat die situasie saam deur daarop te wys dat die okkupante nooit regstreekse geldelike bystand van die regering ontvang het nie en herhaaldelik by hulpverlening oor die hoof gesien is:

> Vir die regering het die strategiese oorweging om 'n ylbewoonde grensgebied meer digbewoon te kry, baie gewig gedra. Die verbetering van die materiële omstandighede van die minder gegoede inwoners van die staat was van sekondêre belang. (p. 173)

Die volgende bewering wat Tempelhoff reeds op p. 18 maak, verdien dus om beter uitgelig te word:

> Die armoedige omstandighede van 'n gedeelte van die bevolking in die ZAR het dus tot gevolg gehad dat 'n buffer van vlees tussen blank en swart teweeg gebring is.

Die ZAR-regering wou deur middel van die Okkupasiestelsel die effektiewe blanke bewoning van die Soutpansbergdistrik verhoog ten einde die streek te bestendig, die getalsterke swart gemeenskappe binne afgebakende gebiede vas te pen en die bedreiging wat hulle vir die res van die staat ingehou het, te neutraliseer. Slegs wanneer die staat sy gesag in die noorde effektief kon handhaaf, sou hierdie tot dusver relatief onbenutte area veilig wees om tot ekonomiese voordeel aangewend te word. Die gewelddadige onderwerping van die swart gemeenskappe in die gebied gedurende die jare negentig (wat in *AFDELING III*, hoofstuk 11, van die proefskrif aan die beurt kom), was die volvoering van 'n owerheidspoging om beheer oor hulle uit te oefen. Die instelling van die Okkupasiestelsel in 1886 was reeds 'n stap in hierdie rigting. Dit word selfs duideliker wanneer die afdeling in hoofstuk 9 oor die militêre diensplig deur okkupante verrig, gelees word.

Dit is verblydend dat Tempelhoff die bedreiging wat vyandige swart gemeenskappe vir suksesvolle wit gemeenskapsvorming ingehou het, nie ten koste van omgewingsfaktore soos droogtes en veesiektes oorbeklemtoon nie. Laasgenoemde faktor was immers ook 'n gemene deler in die bestaanstryd van al die gemeenskappe in die grensgebied. Die ekonomiese interafhanklikheid wat daar reeds voor die militêre veldtogte van die jare negentig tussen wit en swart bestaan het, word onder andere geïllustreer aan die hand van deelsaaiooreenkomste wat in daardie jare aangegaan is. Tempelhoff wys daarop dat die wit akkerbouers hulleself grootliks op selfvoorsiening toegespits het terwyl die swart boere, te danke aan hulle tradisionele arbeidsverdeling, hulle lande baie intensiewer kon bewerk en veel groter oeste as die wit boere kon insamel. Die *Zoutpansberg Review* van 1892 word op p. 190 as bron aangegee vir die bewering dat die distrik Soutpansberg meer mielies as die res van die ZAR aan die Witwatersrandse goudvelde voorsien het. Daaruit moet dit noodwendig volg dat die produsente van hierdie mielies oorwegend swart, en nie wit boere nie, was. Soos Charles van Onselen in *The seed is mine,* weerlê Tempelhoff met hierdie inligting in sy proefskrif die aanname wat in die twintigste eeu in sekere blanke kringe posgevat het dat swartmense kwansuis nie goed kon boer nie.

Met die verwysing op p. 190, oor die mielies wat aan die Witwatersrandse goudvelde gelewer is nog vars in die geheue, skep dit effense verwarring wanneer die volgende bewering op bladsy 212 gelees word:

> ... daar [het] in die Soutpansberg heelwat moontlikhede vir lewensvatbare ekonomiese bedrywighede bestaan ...Boerdery kon op sigself nie 'n winsgewende bestaan verseker nie. Die werklike winsgewende afsetgebiede was te ver. Gevolglik is 'n verskeidenheid van bedrywe met dié van die boerdery gekombineer.

Daar moet aanvaar word dat die outeur hier verwys na die gemiddelde okkupant wat op sy eie te min geproduseer het om dit werklik winsgewend in 'n ver afsetgebied te kon gaan verkoop. Die enkele okkupante wat 'n geleentheid gesien het om wins te maak uit die koop en herverkoop van swartes se groot oeste, is waarskynlik met die maak van hierdie bewering buite rekening gelaat - tensy hierdie aktiwiteit as een van die "verskeidenheid aktiwiteite" wat met eie boerdery gekombineer is, beskou kan word.

'n Indrukwekkende bibliografie sluit die proefskrif af: reekse en versamelings uit meer as 'n dosyn argiefbewaarplekke, mondelinge getuienis, regeringspublikasies sowel as die gebruiklike bronnepublikasies en 'n lang lys sekondêre bronne. J.D. du Toit se *Ds. S.J. du Toit in weg en trek: 'n Periode van Afrikaanse oplewing*, is een bron wat tussen voetnoot en bibliografie verlore geraak het.

*Die Okkupasiestelsel in die Distrik Soutpansberg, 1886-1899*, behels omvattende primêre navorsing wat nie deur enige student van die geskiedenis van die Noordelike Provinsie geïgnoreer kan word nie.